



FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: nuusbrieff@framesby.co.za

Uitgawe 142: 26 Januarie 2018

DIE JAAR IS AL KLAAR OP GALOP!

Soos dit maar deesdae in almal se lewens gaan, is die jaar reeds voluit aan die gang, en kan mens maklik onverhoeds betrap word, veral wat die akademie betref! Met die groot interhuis-atletiek agter die rug, is dit baie belangrik dat elke leerder baie vining alle aandag aan die akademie sal gee. Op 14 Februarie word die eerste toets reeds geskryf, en vir die res van die kwartaal sal daar weekliks 'n paar toetse geskryf word. Die rooster vir hierdie toetse is op bladsy 3 aangebring. Elke leerder het hierdie uitgawe van die Fakkelflits ontvang, en ons wil u versoek om die rooster goed te bewaar en beskikbaar te hou. Saam met die assesseringskalender, wat ook hierdie week uitgestuur word, is dit van die belangrikste dokumente wat u hierdie jaar gaan ontvang. Die tyd is ontsettend min en die tempo is baie hoog! Mag almal deeglik bewus wees van hul prioriteite so ver dit die akademie aangaan! Baie sterkte aan almal, veral daardie staatmakers wat die skool op 'n verskeidenheid terreine dra!

KONTAK-INLIGTING VAN OERS DRINGEND GEVERIFIEER

Elke leerder het in die afgelope week 'n dokument, met 'n begeleidende brief, ontvang waarin inligting oor elke leerder, asook die kontakbesonderhede van elke ouer, vervat is. Die inligting is uit ons administratiewe stelsel verkry, soos dit van die inskrywingsvorm oorgedra is. Ondervinding het geleer dat van hierdie inligting nie korrek is nie, en daarom versoek ons dat alle ouers die dokument noukeurig sal kontroleer en die nodige korreksies duidelik sal aanbring. Die dokument moet dan asseblief op alle bladsye onderteken word, en teen Woensdag 31 Januarie by die betrokke Voogonerwyser ingehandig word. Dis baie belangrik dat ALLE huishoudings hierdie vorm terugbesorg, selfs al sou daar geen veranderinge wees nie.

Alhoewel onverstaanbaar, blyk dit dat sommige ouers verkies dat die skool op geen manier met hulle kontak moet kan maak nie. Dis egter total onaanvaarbaar, aangesien u u kind(ers) vir 'n groot deel van die dag aan die skool toevertrou, en die skool u moet kan skakel wanneer omstandighede dit vereis. Verder stuur ons gereeld inligting na ons ouers, en dit sal ideaal wees indien die skool oor die korrekte selffoonnommers en e-pos-adresse beskik. Ons sou ook verkies om die Fakkelflits weekliks elektronies na die grootste deel van die skoolgemeenskap te versend. Ons versoek dus dat u in die regte gesindheid ons sal bystaan om ons rekords volledig op datum te bring.

SONE-ATLETIEKBYEENKOMS

Vrydag 2 Februarie vanaf 10:00 by die Oval
Skool gaan normaal voort!

MUSIEK- TRIVIA-AAND

Ten bate van die
JAPAN-TOER
Vrydag 2 Februarie
SKOOLSAAL 19:00

R60 per persoon
Kontantkroeg beskikbaar
(Berig op laaste bladsy)

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Saterdag

Armand Erasmus, 9B
Chloe Hill, 9B
Kevin Janse, 12D

Sondag

Rudolph Croecamp, 8C

Maandag

Crystal de Beer, 8G
Revaldo Campher, 11D
Shadwon Adams, 10B

Dinsdag

Johan van Biljon, 10E
Nicole Coote, 8D

Woensdag

Marcus Koen, 10F
Tiaan Erskine, 10G

Donderdag

Joshua Martin, 12E
Leana Maré, 11C
Michaela Verstraeten, 10D
Nelmarie Croecamp, 10F
Steven Snyman, 12B

Vrydag

Dandri Oosthuizen, 10A
Megan Hart, 8F

FRAMESBY IS TROTS OP ...


MISCHKA TRAP DIE WÊRELD AAN DIE BRAND!

Mischka Strydom, ons fietsry-sensasie, gaan net van krag tot krag! Tydens die vakansie het sy uitstekend presteer toe sy aan die Festival of Cycling Criterium Series, wat uit 3 wedrenne bestaan het, asook die Interklub-padwedren, deelgeneem het. By beide hierdie byeenkomste het sy die eerste plek in die dogters O/17-afdeling behaal.

Verlede naweek het Mischka na Oos-Londen gereis om daar deel te neem aan die 2018 Oos-Kaap Individuele Tydtoets en Padwedren. Sy het uitstekend presteer deur die 10 km individuele tydtoets te wen en sodoende die goue medalje te verower, asook die 60 km padwedren. Sy is hiermee gekroon as die 2018 Oos-Kaap-kampioen in beide hierdie dissiplines vir meisies O/17.

Die Suid-Afrikaanse Fietsrykampioenskappe vind oor twee weke in Oudtshoorn plaas en Mischka sal daar meeding teen die land se heel beste O/17's. Ons het haar egter leer ken as iemand wat nie terugdeins vir 'n uitdaging nie, en weet sommer dat sy uitstekend sal vaar.

Baie geluk met die pragtige prestasies, Mischka. Framesby is baie trots op jou en ons wens jou baie sterkte toe met die SA's. Mag jy huistoe kom met 'n string medaljes!



FRAMESBY WEER DIK GESAAI IN OP-SPAN!

Wat OP-Tweekamp sonder Framesby-atlete gaan wees kan mens maar net raai. Framesby het deur die jare reeds talle provinsiale atlete opgelewer, wat die ruggraat vorm van die OP-spanne. Vanjaar is dit nie anders nie.

Gedurende die komende naweek word daar 'n interprovinsiale Tweekamp-byeenkoms in Oudtshoorn aangebied, en nie minder nie as 9 Framesby-atlete is in die OP-span ingesluit. Hulle is Wehan Smith, Janno Agenbag, IP vd Merwe, Lara de Bloe, Karla Scheffer, Melissa Hamilton, Nicole Hamilton, Lize-Mé Otto en Anja Baard.

Ons het teen hierdie tyd reeds gewoond geraak dat ons atlete uitstekend vaar by hierdie byeenkomste, maar daar is geen twyfel nie dat al hierdie atlete ontsettend baie insit in hulle atletiek, landloop en tweekamp. Almal van hulle is staatmakers in ons atletiekspan, en die meeste van hulle doen ook baie goed op akademiese gebied. Voorwaar Framesby-ysters. Baie geluk met julle insluiting in die span en baie sterkte met die byeenkoms. Mag dit baie goed met julle gaan!

INTERHUIS 2018

EN DAAR DOEN DIE VISSIE DIT TOE WEER!!

Ons berig volgende week volledig hieroor

PROGRAM VIR HIERDIE WEEK

Saterdag 27 Januarie	Sondag 28 Januarie	Maandag 29 Januarie	Dinsdag 30 Januarie	Woensdag 1 Februarie	Donderdag 2 Februarie	Vrydag 3 Februarie
Krieket Nico Malan (W & T) Swem B-gala (NP)		Dag 6 Muurbal begin	Dag 7 Krieket (D) DFM (T) Nuwe Oueraand	Dag 8	Dag 9 Krieket (D) Strelizia	Dag 10 Atletiek: Sone (Oval) Japan-groep Musiek Trivia

TOETSE HIERDIE KWARTAAL

Tydens die eerste kwartaal word alle kontroletoetse, soos voorgeskryf deur die Kurrikulum Beleidsverklaring, oor 'n tydperk van 4 weke afgehandel. Die volledige rooster van alle toetse en sommige SGA-aktiwiteite, is hieronder aangebring. Die normale skoolprogram word gevolg, maar op bepaalde dae word die tydrooster sodanig aangepas dat alle leerders wat 'n bepaalde vak aanbied, almal saam die toets kan aflê. In die meeste gevalle sal die toetse en SGA-aktiwiteite wat op hierdie rooster aangedui is, tydens die spesiale gleuf aan die begin van die dag geskryf word. Leerders wat nie op 'n bepaalde dag skryf nie, MOET betyds by die skool wees om tydens die gleuf in hul voogklasse met voorbereiding of huiswerk besig te wees. NIEMAND WORD VERSKOO NIE!

		GRAAD 8	GRAAD 9	GRAAD 10	GRAAD 11	GRAAD 12
Dinsdag 13 Februarie	Dag 7	Wisk SGA-opdrag	Wisk SGA-opdrag	Wisk/WG SGA-opdrag	Wisk/WG SGA-opdrag	Wisk/WG SGA-opdrag
Woensdag 14 Februarie	Dag 8	Fisiese Wet. Toets	Fisiese Wet. Toets		Toerisme Toets	Afrikaans Toets
Maandag 19 Februarie	Dag 1	Geografie SGA-taak		Geografie SGA-taak	CAT Prakties	Rekeningk. Toets
Donderdag 22 Februarie	Dag 4		Geografie SGA-taak	CAT/IT Teorie-toets	CAT/IT Teorie-toets	CAT Teorie-toets
Vrydag 23 Februarie	Dag 5			Verbruikers Toets	Verbruikers Toets	VS-toets IT Teorie-toets
Maandag 26 Februarie	Dag 6	Lewenswet. SGA-opdrag	Lewenswet. SGA-opdrag	FW - toets Toerisme-toets	Fisiese Wet. Toets	FW - toets Toerisme-toets
Donderdag 1 Maart	Dag 9	Afrikaans Toets	Afrikaans Toets	Afrikaans Toets	Afrikaans Toets	Lewenswet. Prakties
Vrydag 2 Maart	Dag 10	Engels Toets	Engels Toets	Engels Toets	Engels Toets	Engels Toets
Maandag 5 Maart	Dag 1	EBW Toets	EBW Toets	Besigheids Toets	Besigheids Toets	Besigheids Toets
Donderdag 8 Maart	Dag 4	Tegnologie Toets	Tegnologie Toets	CAT Prakties	IGO Toets	IGO Toets
Vrydag 9 Maart	Dag 5	Wisk SGA-opdrag	Wisk SGA-opdrag	Wisk/WG Toets	Wisk/WG Toets	Wisk/WG Toets
Maandag 12 Maart	Dag 6	Fisiese Wet. Toets	Fisiese Wet. Toets	Fisiese Wet. Toets	Fisiese Wet. Toets	Fisiese Wet. Toets
Donderdag 15 Maart	Dag 9	Geskiedenis Toets	Geskiedenis Toets	Rekeningk. Toets	Rekeningk. Toets	Rekeningk. Toets
Vrydag 16 Maart	Dag 10	Geografie Toets	Geografie Toets	Geografie Toets	Geografie Toets	Geografie Toets
Maandag 19 Maart	Dag 1	Wiskunde Toets	Wiskunde Toets	IGO Toets	Geografie SGA-taak	CAT Prakties
Dinsdag 20 Maart	Dag 2	Lewenswet. Toets	Lewenswet. Toets	Lewenswet. Toets	Lewenswet. Toets	Lewenswet. Toets
Donderdag 22 Maart	Dag 4			Wiskunde Toets	Wiskunde Toets	Wiskunde Toets

SONE-ATLETIEK VRYDAG BY DIE OVAL

Na afloop van ons Interhuis-atletiekbyeenkoms Vrydag, word daar 'n span saamgestel van atlete wat Framesby hierdie Vrydag by die Sone-byeenkoms gaan verteenwoordig. Die byeenkoms begin reeds om 10:00, en atlete wat deelneem sal verskoon word van klasse. Die skool gaan egter normaal voort vir die res van die leerders. Waar moontlik sal die skool hulp verleen met vervoer, maar dit sal hoog op prys gestel word indien atlete met eie vervoer by die Oval kan kom. Baie sterkte aan almal wat deelneem! Mag almal deudring na die PE-Hoërskole-byeenkoms.

ALGEMEEN EN KOS VIR DIE SIËL

DIE WISSELWERKING

Daar is 'n innige wisselwerking tussen 'n mens se geloof en jou gewete. Daarom lees ons in 1 Timoteus 1:19 die vermaning wat aan die jong Timoteus gerig word om aan die geloof vas te hou en 'n goeie gewete te behou, met die verduidelikende opmerking daarby: "Omdat sommige hulle gewete onderdruk het, het hulle geloof skipbreuk gely."

Geloof en moraal is op die allernouste manier aan mekaar verbonde. Die egte geloof in God bring met innerlike noodwendigheid 'n lewenswandel mee wat in ooreenstemming met die wet van God is. Die verlorenheid van die mens bestaan nie net in sy vervreemding van God self nie, maar ook in sy opstand teen die wil en wet van God. Goddeloosheid is tegelykertyd 'n religieuse en 'n morele werklikheid.

Daarom het die boodskap van bekering altyd 'n dubbele betekenis as toekeer tot God en afkeer van die kwaad. Gemeenskap met God en gemeenskap met die kwaad sluit mekaar uit. Die oproep tot bekering doen 'n beroep op ons gewete. Dit maak ons skuldbesef wakker. Dit roep ons weg van die sonde en ons slegte gewete na die vergiffenis en 'n nuwe lewe in gehoorsaamheid aan God.

Slegs in die gemeenskap met God is daar die moontlikheid van 'n goeie gewete. Ons gewete kan slegs goed wees, as die sonde van die verlede vergewe is en as ons in gemeenskap met God in die lig lewe soos Jesus in die lig is. Dan reinig die bloed van Christus ons voortdurend van elke sonde en hoef ons gewete ons nie meer te beskuldig nie (1 Johannes 1:7).

Die probleem is egter dat ons daarin kan slaag om skeiding te maak tussen geloof en gewete. Dit gebeur wanneer 'n mens wel wil vashou aan God se genade en aan die beloftes van die evangelie, maar terselfdertyd tog nie so in gemeenskap met Jesus lewe, dat jou hele lewe in die lig is soos Hy in die lig is nie.

Dan word jou gewete nie voortdurend gereinig van wat verkeerd is nie. Die gevoeligheid vir die sonde stomp af. Die gewete word onderdruk. Hy is dan nie meer 'n getroue waghond wat waarsku teen die kwaad nie. Hy word selektief. Oor bepaalde dinge waarsku hy, maar oor ander swyg hy. En 'n swygende gewete is nog iets anders as 'n goeie gewete.

So kan mense vroom praat en bid en sing, terwyl hulle in hulle alledaagse lewe op ekonomiese, politieke of seksuele terrein dikwels moreel ongevoelig is. Hulle wil aan die geloof vashou, maar het hulle goeie gewete prysgegee.

Die Bybel sê: dit kan nie. Daar is 'n wisselwerking tussen die twee. As jy jou goeie gewete prysgee, sal jou geloof skipbreuk ly. Niemand kan God en Mammon dien nie. Niemand kan in die duisternis wandel en tog aandeel aan die lig hê nie.

Net wie voortdurend in die gemeenskap van Christus bly, kan 'n goeie gewete behou, omdat die bloed en die Gees hom van oomblik tot oomblik reinig.

Uit *Die Burger*, 27 Januarie 1990

MUSIEK-TRIVIA AAND BELOOF GROOT PRET

Ons het verlede week berig oor die eerste groot fondsinsamelingpoging wat deur die ouers van die groep rugbyspelers wat Japan in April gaan besoek, geloods word. Hulle bied hierdie Vrydag-aand 'n Musiek-trivia-aand in die skoolsaal aan.

Die formaat van die aand is redelik eenvoudig. Met lekker musiek om almal teenwoordig te vermaak, word daar deur die loop van die aand vroe gevra oor musiek en sport. Almal kan deelneem en vroe beantwoord, en verskeie lekker pryse is op die spel. Daar sal drie sessies van vroe wees, met pouses tussenin.

Daar sal eetgoed op die tafels geplaas word wat by die prys ingesluit is, en die Framesby Ondersteunersvereniging sal deurgaans 'n kontantkroeg beskikbaar hê.

Die beste manier om die aand te geniet, is om 'n span van 10 mense op te maak wat almal by 'n tafel sit. Gesinne kan beslis lekker saamspeel! Uiteraard sal ons graag van ons Framesby-leerdes daar wil sien!

Die kaartjies vir die aand kos R60 per persoon. Indien u 'n tafel vir 10 persone wil bespreek, is u welkom. Die prys beloop dan R600 vir die tafel. Soos reeds gemeld, word daar versnaperinge voorsien.

Kaartjies is beskikbaar by Westway-kafee en kan ook by die Algemene Kantoor bespreek en betaal word. Kom geniet die aand en ondersteun die Japan-groep ouers!

Vir diegene wat nie daarvan bewus is nie. Ons is vir die tweede jaar in 'n ry aangewys om Suid-Afrika te verteenwoordig by 'n internasionale skole-rugby-toernooi in Japan. Die span vertrek op 25 April en keem op 8 Mei terug. Die totale koste per speler beloop R20 000, maar met die hulp van borge en donateurs, en fondsinsamelingspogings soos hierdie, hoop ons om die koste per ouer aansienlik te verlaag. Dis 'n wonderlike eer en voorreg wat Framesby te beurt geval het, en daarom moet ons ons die heel beste span na die toernooi neem, selfs al kan almal nie die volle prys bekostig nie.

Indien daar van ons ouers is wat bewus is van potensiële borge of donateurs, of wat moontlik self 'n bydrae wil lewer om dit vir 'n speler moontlik te maak om te gaan, kan u Mnr. Rauch by die skool, of by wrauch@framesby.co.za skakel.